Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Sefanja 1:1-18 (1953)

1 DIE woord van die HERE wat gekom het tot Sefánja,
die seun van Kusi, die seun van Gedálja, die seun van
Amárja, die seun van Hiskía, in die dae van Josía, die
seun van Amon, koning van Juda.
2 Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die
aardbodem af weg, spreek die HERE.
3 Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die
voëls van die hemel en die visse van die see en die
struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die
mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die
HERE.
4 En Ek sal my hand uitstrek teen Juda en teen al die
inwoners van Jerusalem; Ek sal ook uit hierdie plek
uitroei wat van Baäl oorgebly het, die naam van die
afgodsdienaars saam met die priesters;
5 en die wat op die dakke die leër van die hemel aanbid;
en die aanbidders wat by die HERE sweer en sweer by
Milkom.
6 Ook die wat van die HERE afvallig word en wat die
HERE nie soek en Hom nie raadpleeg nie.
7 Swyg voor die Here HERE! Want die dag van die HERE
is naby; want die HERE het 'n offer berei, sy gaste
geheilig.
8 En op die dag van die offer van die HERE sal Ek
besoeking doen oor die vorste en die prinse en oor
almal wat uitlandse klere dra.
9 Ek sal ook op dié dag besoeking doen oor almal wat
oor die drumpel spring, wat die huis van hulle here vul
met geweld en bedrog.
10 En op dié dag, spreek die HERE — hoor! 'n geskreeu
van die Vispoort af en 'n gehuil van die Nuwe Stad af en
'n groot gekraak van die heuwels af!
11 Huil, o inwoners van die Vysel! want al die koopmans
gaan te gronde, almal wat geld afweeg, word uitgeroei.
12 En in dié tyd sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek
en besoeking doen oor die manne wat dik geword het
op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die HERE doen
geen goed en Hy doen geen kwaad nie.
13 En hulle rykdom sal geplunder word, en hulle huise
verwoes word; en as hulle huise bou, sal hulle dit nie
bewoon nie; en as hulle wingerde plant, sal hulle die
wyn daarvan nie drink nie.
14 Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie
haastig. Hoor! die dag van die HERE! Bitterlik skreeu die
held daar.
15 Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van
benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en
verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n
dag van wolke en wolkenag,
16 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die
versterkte stede en teen die hoë hoekvestings.
17 En Ek sal die mense in benoudheid bring, en hulle sal
rondloop soos blindes, omdat hulle teen die HERE
gesondig het; en hulle bloed sal vergiet word soos stof
en hulle ingewande soos drek.
18 Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om
hulle op die dag van die grimmigheid van die HERE te
red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele
aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, 'n
verskriklike, oor die inwoners van die aarde.

Broodjies vir die Pad

"Die samelewing waarin ons jeug moet opgroei"

deur Gerrit Brand

'n Gemeente vra my: "Kom praat oor die samelewing waarin ons jeug moet opgroei." Ek dink toe aan 'n lesing van CS Lewis in 1944 by King's College, Londen: "When you invite a middle-aged moralist to address you, I suppose I must conclude … that you have a taste for middle-aged moralising. I shall do my best to gratify it. I shall in fact give you advice about the world in which you are going to live." Belydenis en waarskuwing!

"Die samelewing waarin ons jeug moet opgroei" verskil van destyds se "world in which you are going to live": 1944, Europa in puin. Ondenkbaar toe was gepopulariseerde lugvaart, ruimtereise, televisie, die internet, selfone, talle wetenskaplike ontdekkings; die kom en gaan van 'n Koue Oorlog; nuwe, anderster donderwolke van vreemdelinge-haat, 'n "terugkeer van het fascisme" (Rob Riemen).

Daar was vooruitgang: Lewis se luisteraars was waarskynlik meestal jong mans; vandag luister jong vroue saam. Die gemeente wat my genooi het, het 'n jong vrou as predikant – ondenkbaar in 1944. Vroue staan nou dieselfde versoekings as mans in die gesig – soos "The Inner Ring", die binnekring of in-groep, waaroor Lewis gepraat het. Dat magsverleidings ook vroue uitdaag, is 'n gevolg van hul groter openbare bydrae. Soos Spiderman leer: "With great power comes great responsibility!"

Maar waar Lewis 'n etiese appèl op sy jong gehoor rig, het "middeljarige moralisme" al byna uitgesterf. Die probleem met die "inner ring" (waar dit as probleem beleef word …) is nie meer hoogmoedig, selfsug of onreg nie, maar dat ek daarmee dalk myself kan benadeel – nie reg en verkeerd nie, maar mý drome, mý sukses, mý bevrediging. "Giving is good for you," sê 'n sielkundige op die radio. En dis "goed vir jou" om 'n Christen te wees, belowe die voorspoed-evangelie. "Die samelewing waarin ons jeug moet opgroei", kweek nie deugde nie.

Interessant ook dat Lewis nie oor "jongmens-kwessies" praat nie, maar oor volwasse uitdagings – "the world in which you are going to live". Die jeug word deesdae vertroetel en opgehemel, maar word hulle ernstig opgeneem? Wat beteken dit dat dertigjariges 'n rubriek soos "Jong Stemme" skryf, of as die wangedrag van 'n middeljarige "jeugliga" as kindersondes verskoon word? Wanneer word 'n mens dan groot?

Jongmense word "tot groot dinge aangespoor" … soos duurder speelgoed, oppervlakkige gemak en plesier. Hulle moet namens ons jonk bly. Ewige jeug is die ideaal: middeljariges wil "cool" wees, sestigjariges soos twintigjariges lyk. Dat opgroei ryping kan beteken, wysheid, ervaring, gravitas, is byna ondenkbaar. Verklaar dit dalk die epidemie van depressie onder jongmense? Wie nie vooruitsigte het nie, kom lewensin kort. "Die samelewing waarin ons jeug moet opgroei", wil jonges in hul kinderskoene gevange hou.

Metusalem verwonder hom in die A.G. Visser-versie: "'t Word alles korter – liewe land! – die rok, die hare en verstand." Watter verstand? Lewis praat destyds nie met sy gehoor soos met kleuters – met prentjies en verspothede – nie. Hy ontleed, redeneer; verwag hulle kan luister, inneem, beoordeel. Ons jeug is wêreldwys, maar hul verstand word nouliks uitgedaag. Ons verwag nie eens volsinne van hulle nie. Vergelyk "die samelewing waarin ons jeug moet opgroei" met wat Immanuel Kant in 1784 beskryf (en Lewis veronderstel): "Verligting is die mens se afskeid van sy self-opgelegde onmondigheid … (van) die onvermoë om … self te dink."

Hoe is dit dan dat daar jongmense is met 'n sin vir sosiale verantwoordelikheid, wat hulself en andere ernstig neem, ryker droom as materiële welvaard en jonkheidskure, hul verstand aanskakel – téén wat "die samelewing waarin ons jeug moet opgroei" van hulle verwag? Hannah Arend praat van "geboortelikheid", Johann Baptist Metz van "die ontologiese primaat van die moontlike oor die werklike". **Die toekoms laat hom nie volledig deur die bestaande bepaal nie.**

Dink net, Jesus het op 33 gesterf.

Think nothing and do nothing without a purpose directed to God. For to journey without direction is wasted effort.

~ St. Mark the Ascetic (5th century)

Can there be communication between the living and those who have died? I mean an awareness of a sensitive if not a dramatic kind, which has nothing to do with mediums and their messages. The Oxford writer C S Lewis expressed what went on in him, unbidden and unexpected, after the death of his beloved wife, Joy. This has awakened many of his readers to a sensitivity towards the unobtrusive but solid presence of a deceased beloved. 'The sound of a chuckle in the darkness… so business-like… yet there was a cheerful intimacy… solid, utterly reliable, firm. There is no nonsense about the dead…'

The author G W Hughes SJ was aware of the presence of his two sisters who had died tragically. They were, he remarks, like shy guests at a cocktail party who turned out to be the best of company once you gently engaged with them. 'In imagination, I speak to Marie, and to the rest of my family, who are now all dead. Margot, like Marie, is close to me, a strengthening, reassuring presence…. Somehow their good and my good are identical.' Such intimate and humble revelations are in line with what many of us may dimly experience. Those with exceptional awareness can encourage us to tune into this new frequency. Human solidarity and the doctrine of the Communion of Saints offer an understanding, in terms of relationships, of the widespread experience of connectedness with those we cared for and who cared for us. They still care. (SacredS)

Brood vir die Pad

Oor Belhar, Barmen en die "ordinary"

deur Gerrit Brand

Voor die onlangse algemene sinode van die NG Kerk het baie dit onwaarskynlik geag dat daar besluit sou word "om die Belydenis van Belhar … deel van die NG kerk se belydenisgrondslag te maak". Tog het dit gebeur.

Van die kant van die Verenigende Gereformeerde Kerk, wat onlangs Belhar se 25ste jaar as belydenis in eie kring herdenk het, was moderator Thias Kgatla se reaksie: "Ek is geskok, oorweldig en verras. God het ons verras."

Dit herinner aan iets wat Karl Barth lank gelede geskryf het. In sy bespreking van of en hoe ons iets oor God kan weet, dink Barth terug aan die aanvaarding van die Barmen-verklaring deur 'n deel van die Duitse kerk in die era van die Nazisme – 'n protesgeskrif teen Christene se kapitulasie voor 'n "nuwe messias".

Gesien die magtige suigkrag van 'n "nuwe god" en die mate waarin die kerk eeue lank vir haar Godskennis op ander bronne, naas die Bybelse getuienis oor Christus, staatgemaak het, was dit volgens Barth eintlik onmoontlik dat 'n stem van weerstand sou opklink: "Dat dit kon gebeur, het sekerlik geesteshistoriese, teologiese en politieke agtergronde. Nogtans was dit onmoontlik en uiteindelik 'n wonderwerk in die oë van dié wat dit van naby aanskou het. … Barmen … was … 'n openbare verklaring van presies daardie wonderwerk wat teen alle verwagtings in weer met die kerk gebeur het."

Wonderwerke? God wat ons verras? Wie glo nog daarin?

Kort ná Suid-Afrika se politieke oorgang verskyn *An Ordinary Country* deur Neville Alexander. Die einde van apartheid word dikwels 'n wonderwerk genoem, skryf Alexander, maar dis naïef; die oorgang was onvermydelik: Met die val van die Sowjet-unie kon die ANC nie meer op Russiese steun staatmaak nie en is die wit regering nie meer deur die Weste as bolwerk teen die kommunisme ondersteun nie. Nóg die ANC, nóg die Nasionale Party kon bekostig om aan te hou veg. Dis geen wonder dat 'n skikking bereik is nie.

Oud-vryheidsvegters wat 'n "roemryke oorwinning" oor apartheid gedenk, en oud-nasionaliste wat in hul "vrywillige prysgawe van mag" roem, vererg hulle oor 'n ontleding soos dié van Alexander (self 'n strydros teen apartheid). Ook baie Christene voel ongemaklik daarmee. Was *The Church Struggle in South Africa* (die titel van 'n boek deur John de Gruchy) dan irrelevant? Het kerkleiers soos Desmond Tutu en Allan Boesak nie tot bevryding bygedra nie? Maak laasgenoemde 'n fout as hy in *The Tenderness of Conscience* protesteer teen die miskenning van geloof se rol in die vryheidstryd? Word Goddelike ingrepe dan onmoontlik geag?

Barth, daarenteen, het nie verklaarbaarheid en wonderbaarlikheid teen mekaar afgespeel nie. Hy erken die "geesteshistoriese, teologiese en politieke agtergronde", maar ook die "wonderwerk". Die oortuiging dat God in en deur die "ordinary" aan die werk is, kan nooit as wetenskaplike verklaring kwalifiseer nie, maar wetenskaplike verklarings sluit dit ook nie uit nie. Merkwaardige gebeurtenisse vind plaas, maar wanneer God se wil daardeur geskied, herken gelowiges daarin wat Johannes *semeia* en *terata* noem – tekens en dade waarvan gelowiges weier om te sê: "Geen wonder nie."

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877